

ALGEMENE OUEROMSENBRIEF NOMMER 7 VAN 2022

8 Maart 2022

Geagte Ouer/Voog, Onderwyser en Leerder

Terugvoer oor Kovid-19 by ons skool.

In ons vorige omsendskrywe moes ons berig oor 'n versnelde uitbreek van Kovid-19 by ons skool. Ons was baie bekommerd daaroor en het maatreëls in plek gestel om verdere verspreiding so effektief moontlik te beperk.

Ons is baie dankbaar om te berig dat daar vandag nie een gerapporteerde Kovid-19-geval in ons skool is nie. U kan in die meegaande tabel sien hoe die tempo van verspreiding merkbaar verlaag het, tot waar ons nou geen gevalle het nie.

Ons sal in die tweede kwartaal aktiwiteite soos saalopeninge weer hervat binne die grense van wysigings op inperkingsregulasies soos geantisipeer in volgende week se moontlike aankondigings deur ons President. Daar word algemeen verwag dat daar 'n verslapping van inperkingsregulasies sal wees. Ons wil vertrou dat ons goeie en deurdagte, realistiese en toepaslike leiding vanaf die regering sal ontvang.

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek (2022)																						
Dag	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di					
Maand	FEBRUARIE					FEBRUARIE					FEBRUARIE					FEB/MAART						
Datum	7	8	9	10	11	14	15	16	17	18	21	22	23	24	25	28	1	2	3	4	7	8
Personeel																						
Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 10 Januarie 2022	4	6	6	6	6	7	8	8	10	10	11	12	12	12	12	12	12	12	13	13	13	13
Herstel van Kovid-19	3	3	3	3	3	5	6	6	5	5	9	9	9	10	11	12	12	12	12	12	12	13
Netto Kovid-19-aktief	1	3	3	3	3	2	2	2	5	5	2	3	3	2	1	0	0	0	1	1	1	0
Self-isolasie: simptome en by die huis	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Leeders																						
Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 12 Januarie 2022	14	24	29	34	37	48	58	78	104	127	146	150	157	161	161	162	165	165	165	165	165	165
Herstel van Kovid-19	6	7	10	11	12	32	35	38	39	39	82	105	120	132	138	158	161	161	162	163	165	165
Netto Kovid-19-aktief (met simptome)	8	17	19	23	25	16	23	40	65	88	64	45	37	29	23	4	4	4	3	2	0	0
Self-isolasie: simptome en by die huis	1	1	3	2	3	2	4	12	17	23	6	11	7	8	7	1	2	1	1	0	0	0
Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
TOAAL																						
Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 10 (12) Januarie 2022	18	30	35	40	43	55	66	86	114	137	157	162	169	173	173	174	177	177	178	178	178	178
Herstel van Kovid-19	9	10	13	14	15	37	41	44	44	44	91	114	129	142	149	170	173	173	174	175	177	178
Netto Kovid-19-aktief (met simptome)	9	20	22	26	28	18	25	42	70	93	66	48	40	31	24	4	4	4	4	3	1	0
Self-isolasie: simptome en by die huis	1	1	3	2	3	2	4	12	17	23	6	11	7	8	7	1	2	1	1	0	0	0
Komorbiditeit afwesig	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Sport:

Ons atletiek het met ons sesde plek in Groep 2 van die jaarlikse Superinterhoër op 'n hoogtepunt ten einde geloop. Vir ons skool om steeds binne hierdie kompetisie te kan bly meeding, is 'n besondere prestasie, met in agneming dat ons sekerlik die kleinste skool by die byeenkoms was. Verskeie van ons opponentskole het heelwat meer as 1500 leerders en gevolglik 'n veel groter poel van deelnemende atlete.

Ons wil graag elkeen van ons atlete bedank vir die karakter wat hulle getoon het. 'n Mens kon duidelik in die gesigsuitdrukings sien dat elkeen op sy/haar eie manier werklik hul beste gedoen het en vir meer as dit kan ons nie vra nie. Welgedaan, Randjies! Ons is TROTS op elke deelnemer. Dit beteken nie dat ons nou op ons louere kan rus nie. Volgende jaar kom daar nog 'n sterk skool in die groep by en ons sal ons eie vlak van prestasie moet verhoog om in tel te kan bly. Randjies werk hard vir dit wat hulle wil hê en, in die woorde van 'n voormalige koorafrigter, "niks wat die moeite werd is, is maklik nie."

Baie sterkte aan ons individuele atlete wat deelgeneem het aan die Gauteng Kampioenskap en gekwalifiseer het om aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe wat volg deel te neem. Hulle name sal in ander publikasies volg.

Ons wintersporte begin eerskomende Saterdag tuis met 'n bepaling teen Standerton. Ons sien baie uit na die rugby, netbal en hokkie wat dan amptelik begin. Ons glo dat elke deelnemer Saterdag se sport baie sal geniet. Toeskouers (ouers en ander) is welkom om die verrigtinge by te woon. Elkeen sal by die hek geskandeer en gesaniteer word en ons versoek steeds die dra van maskers op die paviljoen waar ons naby ander mense gaan sit.

Ons senior seunstennisspan het derde by die jaarlikse tennisinterhoër waar daar 25 skole deelgeneem het geëindig. Verder het hulle tweede in hulle liga geëindig en ons is baie TROTS op hierdie seuns met hul mooi prestasie en die ingesteldheid waarmee hulle deelneem.

Na verneem word, presteer ons perderuiters ook goed en ons sal spoedig hul resultate in die Randjienuus en/op sosiale media platforms publiseer.

Kultuur:

Ons skool se *Speech Guild* spanne het by verskeie geleenthede aan kompetisies deelgeneem en baie goed gedoen. Geluk aan elkeen van julle.

Oudisies vir Tienertoneel word gehou.

Die koor het sy tweede optrede agter die rug en is elke keer beter as die vorige keer. Ons is opgewonde om die koor te sien groei en ontwikkel namate die selfvertroue meer en meer word.

Ons koor tree eerskomende Vrydagaand, 11 Maart 2022 om 19:00 in die skoolsaal saam met twee ander besoekende kore op. Dit belooft om 'n baie mooi konsert te wees en ons nooi u uit om die konsert by te woon. Kaartjies vir die konsert is by <https://www.quicket.co.za/events/167081-choral-music-festival/> beskikbaar (R50 vir kinders / R100 vir volwassenes).




Mej. Randburg:

Die glansgeleentheid vind vanaand in die skoolsaal plaas. Dit begin om 18:30. 'n Bepaalde hoeveelheid kaartjies is beskikbaar. GEEN kaartjies sal by die deure verkoop word nie. Kovid-19 dikteer die hoeveelheid mense wat ons in die saal mag huisves. Vir dié wat belangstel, sal dit lewendig uitgesaai word. Volg gerus by <https://www.youtube.com/watch?v=gPqMiMJSqk4>.

Dak oor die vierkant:

Tenders is aangevra en ontvang waarna die Beheerliggaam die suksesvolle kontrakteur kon aanstel. Bouwerk sal eersdaags begin. Ons is baie opgewonde oor die eindproduk wat ons graag in gebruik sou wou neem.

Ons besef die skoolprogram van die eerste kwartaal hardloop so 'n bietjie weg met ons almal. Dit is egter die normaal wat ons altyd voor Kovid hanteer het. Almal is half uit oefening uit, maar 'n welverdiende breek is om die draai. Volgende kwartaal plat die tempo effens af en word tydsbestuur meer eenvoudig. Druk deur. Ons is amper daar.


P Booyesen: Hoof